



NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

verskil



❖ Facebook: <https://www.facebook.com/noordsin/>

❖ **Kampterreine:**

Badseloop: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;

Magaliesberg: Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

❖ Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

19 April 2024: Nr 12/2024

Warmnuus

❖ **Johan Heyns Gedenklesing**

Hiermee 'n vriendelik uitgenodiging na die **Johan Heyns Gedenklesing** op die 27 Mei 2024 om 18:30 vir 19:00 in die Eeufeessaal (Vloer 2, Kamer 10), Teologie Gebou, Universiteit van Pretoria.

Spreeker: Prof Ernst Conradie Sistematiese teoloog van die Universiteit van Wes-Kaapland.

Tema: Die Stellenbosche Heyns: Nagedink oor die vroeë-, middel- en latere jare van 'n akademiese loopbaan

RSVP: Vóór 10 Mei by ofentse.matlhabe@up.ac.za. [\[Kliek hier\]](#) vir die uitnodiging].

Sinodenuus

❖ **Survivorkamp 2024**

Dié kamp word spesifiek vir die **graad 8 – 10's** gereël en vind gedurende 17-21 Junie by die Badseloop Jeugkampterrein plaas. Inskrywingsvorms: [klik hier](#). Daar is ook 'n **"Early Bird" aanbieding!** >>> >>> >>>

• **Personeel:** [Kliek hier](#) vir julle inskrywingsvorm.

❖ **Volgende kerkkantoorkursus: Pretoria**

LW: Die volgende kursus word **11 tot 13 Junie** in Pretoria aangebied. Belangstellendes kan hulle name aan hermien@noordsin.co.za stuur.

❖ **Hulpmiddels: Skribas van die Noordelike Sinode**



WhatsApp groep: Sluit aan by die WhatsApp groep vir skribas waar ons mekaar help met inligting, navrae, dokumente en so meer. **Skandeer gerus die QR kode of stuur 'n WhatsApp na 073 411 6944.** Verskaf asb met aansluiting jou naam, van en gemeente.

<<< Hierdie groep-QR-kode is privaat. As dit met iemand gedeel word kan hulle dit met hul WhatsApp-kamera skandeer om by hierdie groep aan te sluit.

WinKerk video: Hierdie video help kerkamptenare met die stappe om die registrafskrifte uit Winkerk te ontsluit. Dit verduidelik ook waarom sekere velde van waarde is en wat waar ingevul moet word. Hier volg die kort video wat Jan Venter saamgestel het - [klik hier](#).

SURVIVOR Kamp 17 - 21 Junie 2024
Gr 8 - 10's
Is reg vir 'n Avontuur avontuur, waar jy deelneem aan 'n avontuur en jou talente toon?
Early Bird inskrywings betaal R1000 vir inskrywings en volledige besetting ontvang voor 30 April 2024.
Kampgeld R1200 pp
Aftreksel: Weekend 1000 maksimum inskrywingsverrekenings per groep.
INSKRYWINGS
Anita Hurn (015) 491 3537 / WhatsApp 083 297 5471
E-pos: hurnanita@gmail.com
Badseloop Jeugkampterrein 13 km suid van Mookgophong (Naboomspruit)
KAMPLEIER:
Ds Freddie Prozesky 076 930 7502
Poster Maker

Kolleganuus

❖ **Hospitaal**

Paul Grobler se operasie het goed afgeloop en hy sterk tans by die huis aan. Dit gaan goed met hom. Hy sal weer op 6 Mei terug wees by die Sinodehuis.

❖ Bewegings



<<< **André Botha** [Naboomspruit] is na Bethlehem-Oos beroep. Hy het die beroep aanvaar. Sy afskeidsdiens vind op **9 Junie** plaas.

>>> **Driaan Britz** [Pierneefrant] het die beroep na Rustenburg-Suid aanvaar.



<<< **Erick van Breda** (proponent) is as diensleeraar in 'n 50% pos vir die Jeug na Florauna beroep. Sy ordening en bevestiging vind op **28 April** plaas.

>>> **Hardus Prinsloo** (proponent) het die beroep as deeltydse diensleeraar na Daspoort aanvaar. Sy ordening en bevestiging vind op **28 April** om 9:00 plaas.



<<< **Luné Dorfling** [Ermelo] is na Vorentoe beroep.

>>> **Natalie van Blerk** [Mootvallei] het die beroep na Waverley aanvaar.



<<< **Wynand Eloff** (proponent) het die beroep na Warmbad-Wes aanvaar. Sy ordening en bevestiging vind op **10 Mei** plaas. Sy intreepreek is op **12 Mei**.



❖ Verjaarsdagwense

21/04 Riaan Odendaal (Warmbad-Wes)
22/04 Johan de Wet (Hartbeespoort); Paulus Burger (Ooskerk)
24/04 Gerard Breytenbach (Emeritus)
25/04 Fanie Steyn (Emeritus)
27/04 Tienie de Bruyn (Montana)

22/04 Liezel Hoepfner (Eggenote van Hennie, Albertyn)
25/04 Nicolene Beukes (Eggenote van Mattie, Chipinge)

Gemeentenuus

❖ Verjaardae

Magaliesberg Gesinskerk (Marikana) (Gestig 22/04/1944) – Hierdie gemeente se kantore en plek van aanbidding is op die ATKV Oord Buffelspoort geleë. >>>

❖ Universiteitsoord: Orrelkonserte

“Universiteitsoord het ‘n reeks orrelkonserte aangebied waarin die orrel tesame met musikale vriende op die voorgrond geplaas is. ‘n Magdom van musikale talent en uitnemendheid het in vier unieke konserte die harte van musiek liefhebbers in Pretoria betower.” [Kliek hier](#) om meer te lees.

❖ Basaars, Feeste, ens.





Toerusting

❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

Program vir 2024: [Kliek hier](#) om meer uit te vind van kursusse wat die jaar aangebied word.

Seminare: Prof Gordon Mikoski

Malan Nel skryf: "Hiermee 'n uitnodiging na twee oggend seminare saam met hierdie teoloog - oor 'n onderwerp naby aan sy hart en waartoe hy begaafd en goed toegerus is. Ek hoef dit nie eens te sê nie: Gemeentes kry swaar met die uitdagings van "Christian Education", kategetiese, Sondagskool. Ons moet ernstig en diep saam dink." **Hiermee die besonderhede van die seminare in Pretoria en Johannesburg area:**

- **Pretoria:** 23 April [09:00 – 13:45]: NG Stellastraat, h/v Olivier- en Stellastrate, Brooklyn Pretoria. **Registrasie:** [kliek hier](#), vóór 15 April. 5 VBO krediete

- **Johannesburg:** 24 April [09:00 – 13:45]: St Michaels Anglican Church, 1123 Cornelius Street, Weltevredenpark.

Registrasie: [Kliek hier](#), vóór 15 April. 5 VBO krediete.

Dink nuut oor jou bediening

(Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing)

'n Uitnodiging na die eerste module in hierdie kursus gerig op predikante in die middelfase

van hulle bediening:

7-9 Mei te Stellastraat – [kliek hier](#) vir meer inligting.

Brugbediening asook Gemeentediagnosewerkwinkel

Die volgende twee geleenthede word onder u aandag gebring:

- **Brugbediening** (Week 1 - 29 Julie tot 1 Augustus; Week 2 - 11 -14 November) – [Kliek hier](#).
- **Werkswinkel:** Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes (29 - 31 Julie) – [Kliek hier](#).



Ander nuus

❖ Vakatures

Kerkbode: [Kliek hier](#) vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

- **Rustenburg-Proteapark:** Voltydse predikantsposte [Kliek hier](#) vir die volledige advertensie]
 - Senior leraar.

Magaliesberg Gesinskerk (Marikana): Predikantspos (Drie jaar vaste termynpos)

Magaliesberg Gesinskerk is geleë om Mooinooi in Noordwes. Een derde van die 122 besoekpunte is in Mooinooi terwyl die res op plase en kleinboewes om Mooinooi en Buffelspoort is. Daar is 'n goeie laerskool (Laerskool Elandskraal) in die dorp, en busvervoer is beskikbaar vir kinders na hoërskole in Rustenburg en Brits. [Kliek hier](#) vir die advertensie. **Sluitingsdatum** vir aansoeke: 1 Junie.

Stellastraat: Kommunikasiebeampte (5/8^{ste} pos)

Die pos behels onder andere die instandhouding en ontwikkeling van die media- en kommunikasiefunksies van die gemeente. Die detail van die verantwoordelikhede vir die pos kan verkry word van die Kantoorcoördineerder, Malan Nel [malannelup@gmail.com of sel no 082 6617888]. [Klik hier](#) vir die advertensie. Sluitingsdatum vir aansoeke: 24 April.

Steynsrus: Leraarspos (Twee jaar vaste termynpos) met die opsie om te verleng.

Steynsrus is 'n plattelandse dorp geleë in die Noordoos-Vrystaat. 50 km vanaf Kroonstad en 90 km vanaf Bethlehem. Senekal is 47 km vanaf Steynsrus met 'n bussie wat daaglik skoolkinders vervoer. Hier woon baie jongmense met baie inisiatief o.a. 'n aktiewe boerevereniging, 'n dinamiese VLU. Daar is tans 236 belydende- en 43 dooplidmate. Die gemeente is 113 jaar oud en spog met 'n pragtige kerkgebou. Hulle vleisfees en basaar is die hoogtepunte op ons kalender. Sluitingsdatum vir aansoek: 10 Mei. [Klik hier](#) om die volledige advertensie te lees.

Mosambiek uitreike: NOVO Vennootskap

Oostelike Sinode gee kennis van die volgende byeenkoms:

Wanneer: Vrydag, 10 Mei [12:00-12:45 – Koffie/tee en middagete; 12:45-15:30 – Byeenkoms];

Waar: NG Skuilkrans [Jan Albertsstraat 1, Val de Grace, Pretoria].

Tema: Resente kerklike en politieke situasie in Mosambiek – praktiese wenke vir uitreike na Mosambiek.

Spreekers: Pastor Gabriel Chibota, Moderator IRM Novo Sinode en ds Willem Nel, Hoof Volta Biblia Bybelskool, Macia.

Bevestig asseblief jou teenwoordigheid vóór Vrydag 3 Mei by ontvangs@sinoos.co.za.



Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za].

Die volgende persone het reeds gereageer:

- * André Smuts: sasmuts@tsa.co.za [Binne 'n radius van 100 km vanaf Pretoria]
- * Flip du Toit: fliptoit@gmail.com / 082 781 7076
- * Ernst Muller: gaius117@gmail.com / 082 656 1107
- * Johan de Villiers: johandv6@gmail.com
- * Louis Louw: louisklouw@absamail.co.za / 072 461 6633
- * Michiel van der Merwe: mvd360@gmail.com / 082 462 3529
- * Theuns Kriek: trkriek@lantic.net / 083 273 9386 [Pretoria]

Naskrif

